

# Realiteitstoets

‘n Oorsig van die plaaslike ekonomie, Mei 2009

*Deur Tendani Mantshimuli, Ekonoom:Verbruikersake Liberty Life*

Ekonomiese syfers wys dat die ekonomie nog diep in die moeilikheid is, terwyl Suid-Afrika ‘n resessie in die gesig staar. Die internasionale prentjie is nog donkerder. Daar is egter reeds positiewe tekens wat teen hierdie negatiewe agtergrond na vore begin kom.

## Ekonomiese syfers lyk sleg

Daar is geen twyfel nie, dat daar steeds rede tot kommer is oor die rigting waarheen die Suid-Afrikaanse ekonomie op pad is.

### BBP bly verswak

Hoëfrekwensie aanwysers soos vervaardiging en mynproduksie, sowel as kleinhandelverkope en voertuigverkope, dui op ‘n voortsetting van die inkrimping van die bruto binnelandse produk (BBP) van die laaste kwartaal van 2008 tot in die eerste kwartaal van hierdie jaar. ‘n afname in die BBP in die eerste kwartaal van 2009 sou beteken dat die land tegnies in ‘n resessie is.

### Wêreldgroei afwaarts hersien

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het sy vooruitskouing vir globale groei vir 2009 afwaarts hersien van ‘n marginale toename van 0.5% in Januarie se *World Economic Outlook (WEO)* na ‘n afname van 1.3% in April se *WEO.* Die afname in globale groei weerspieel deels ‘n swak vraag omdat verbruikersvertroue nog laag is. Dit het negatiewe implikasies vir ons betalingsbalans omdat dit beteken dat uitvoere onder druk sal bly – wat nie goed is vir ons lopende rekeningtekort nie.

### Sakemislukkings en werkverliese

Hier op die tuisfront was die ongelukkige newe-effek van die swak binnelandse groei die ondergang van sommige sakeondernemings. Statistiek SA het ‘n omvattende toename in maatskappy-likwidasies gerapporteer vir die eerste kwartaal van die jaar, vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar. Die druk wat besighede ervaar, het gelei tot ‘n toename in afleggings of verkorte werksure. Gedurende die eerste kwartaal van 2009 het 88 000 mense in die formele sektor van die ekonomie hul werk verloor. Sakeondernemings het ook afgeskaal of hul vaste belegging-bestedingsprojekte teruggehou. Dit is die somber prentjie waarvoor besighede staan.

## Lig aan die einde van die tonnel

Nie alles is egter verlore nie. Daar is wel tekens van lewe wat sigbaar word in die ekonomie.

### Rentekoerse daal

Rentekoerse het sedert Desember 2008 met ‘n kumulatiewe 350 basispunte gedaal, met verdere verlagings wat in die vooruitsig gestel word by die komende Monetêre Beleidsraad-vergaderings. Dit

het die koste van skulddelging vir verbruikers verlaag en sal ook die druk op hul besteebare inkomste verminder.
Byvoorbeeld, ‘n huishouding met ‘n verband van R500 000 kan maandeliks sowat R1450 minder betaal op rente-terugbetalings.

Dit is die aggressiefste verligtingsiklus wat ons tot dusver gesien het, wat binne ‘n kort tyd die uitgerekte knel-siklus laat verslap het. Dit is goed vir die verbruiker. Die lesse van die afgelope twee jaar moet egter nie vergeet word nie: selfs wanneer rentekoerse laag is, moet ‘n mens nooit meer geld leen as wat jy in staat sal wees om terug te betaal wanneer rentekoerse ‘n onvermydelike verhoging beleef nie.

## Huishoudelike skuld krimp

Dit is bemoedigend dat huishoudelike skuld verminder het, deurdat huishoudings eenvoudig minder skuld aangaan. Die toename in kredietverlening aan die private sektor het geval van 27.5% in Oktober 2006 tot 8.5% in Maart 2009.

## Inflasie verbeter ietwat

Hoewel inflasie steeds ietwat taai is, neig dit tog afwaarts. In sy jongste ‘MPC’-verklaring het die Reserwebank aangedui die voorspelling is dat inflasie teen die derde kwartaal van hierdie jaar sal daal tot onderkant die boonste 6% van die teikenband. Hoewel baie onbestendig, het ons ‘n onlangse versterking van die rand-wisselkoers gesien, wat goed is vir voedsel-inflasie en dit kan ook ‘n voordelige invloed op die styging in oliepryse hê.

## Vreedsame verkiesing

Buiten vir die onenigheid in die Wes-Kaap, is die vreedsame verandering in regeringsadministrasies ‘n goeie teken vir die land en vir beleggersvertroue. Die nuwe kabinetsaanstellings is in die algemeen deur ‘n breë spektrum van die samelewing aanvaar. Dit kan waarskynlik hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat daar geen aanduiding is dat die nuwe administrasie se beleidsrigtings grootliks sal verskil van dié wat sedert 1994 deur die regering ondersteun is nie. Verder het die herstrukturering van die regering ook die klem verskuif na doeltreffendheid en diensverskaffing.

## Lone hoër, maar so ook elektrisiteit

Andrew Levy se ‘Wage Settlement Survey’ Tussentydse Verslag vir Kwartaal 1, 1009, dui aan dat loonskikkings op 10.2% staan, wat hoër as die eerste kwartaal se inflasiekoers van omtrent 8.4% is. Dit beteken dat werkers ietwat vergoed is vir ‘n verlies aan koopkrag. Die verwagte styging in die prys van elektrisiteit sal egter ‘n demper plaas op die voordeel wat verbruikers daaruit getrek het in terme van besteebare inkomste.